

toe dan tog, ketsiet.... ou maai.... byt.... vang....
kets hiem.... sa.... saa.... toe ou Spogtertjie!

Nou my arme twee honde ken mos nie Engels nie en in plaas van die muis te ,kets', staan hulle die arme Sitnietjie ewe verbaas en aankyk, net asof hulle twyfel of hy wel by al sy sinne was. En ekke-ou kon die armoedige ou kêreltjie ook nie help nie, want toe kruip ek al self hulpeloos en magteloos daar op die grond rond van pure lag en pyn op die maag. Ek kon dit nie help nie; dit was vir my te snaaks dat die rou Kaapnaartjie selfs vir 'n ou klaasneusie g'n raad het nie. In wanhoop byt die liewe ou Sitnietjie toe later sy tande opmekaar vas, trap klaasneus met die voet en ruk toe sy bebloede duimpie met alle geweld uit die papgetrapte muis se bek. En toe kry ekke-ou eers weer krag genoeg om op te staan en die Kaapnaartjie se sakdoekie om die Kaapnaartjie se duimpietjie te draai. Spoedig daarna was ons tuis met die ootjies en toe ons so bietjie later sit en koffie drink, vra ekke-ou aan Sitnie of hy nie die volgende dag met my wil gaan jag nie. Hy trek toe eers sy ou gesiggie so op 'n suur plooitjie en sê: ,Nee, ou men, ek het aan vandag se wild genoeg gehad.' ,Nou, watter wild het julle dan vandag gekry?' vra ou tant Sarie ewe verwonderd. Voor ek nog kon antwoord, sê Sitnie al: , 'n Groot dier met penne en 'n klein diertjie met tande.' Maar ek kon goed sien dat die mense hom nie gou verstaan nie en daarom sê ek toe: ,Ag wat, dis sommer 'n ou wyfieystervark en 'n arme ou klaasneusie wat hy wild noem.' Maar kyk, boetie Sarel, toe lag die ou klomp Boesmanlanders darem — tot ou kwaai Piet Bittergal en ou Lang Sannie Voete inkluis — dat hulle so skud.

Die volgende môre het ekke-ou, soos gewoonlik, vroeg opgestaan en die ou Kaapnaartjie met rukke en stampe wakker gemaak (want Kaapnaars slaap mos tot hoog son-op) om my te help koffiewater kook. Skaars het die vuur gebrand of ou Sitnietjie staan opeens doodstil en vra met 'n spierwit gesiggie: 'Wat brul so afgryflik, is dit nie 'n leeu nie?' 'O nee,' antwoord ek, half vererg oor die dapper Kaapnaartjie se lafhartigheid, 'dis nie die gebrul van 'n leeu nie, maar slegs die gebrom van 'n volstruis en ek glo nie dat sy sagte vere jou sal steek nie, of byt, of vermoor nie; ook is die volstruis wat nou daar brom, baie ver van hier, ruim vier-, vyfduisend jaarts, want in die vroeë, stille môrelug kan jy hom op 'n groot afstand hoor en dus is jy op die oomblik darem nog so op 'n manier veilig. Maar, as jy miskien nog bang is, dan kan jy mos maar in tant Sarie se bakoond gaan kruip en dan kan ekke-ou, vir die versigtigheid, van voor 'n groot vuur maak, sodat nog muskiet, nog muggie nog klaasneusie jou kan bykom.' Beskaamd laat hy nou sy kop sak, staan toe so'n rukkie diep ingedagte, kom my toe op die skouer klop en sê: 'Kyk, ould men, ek is nou vir niks meer bang nie en sal vandag saam met jou gaan jag, gee my net 'n geweer.' Dis net wat ek wou hê en sê dus, net om die arme dingetjie aan te moedig en aan te hits: 'A, praat so, nou is jy 'n man, nou kry ek vir jou respek, loop haal dan die twee gewere daar in die wa, dat ons hulle kan skoonmaak.'

'n Weinig later was die gewere skoon, my ou waterkantientjie vol water, my ou kossakkie vol kos, die patroonbande vol patrone, my ou twaksakkie vol fijngekerfde twak, my ou groot 'roitjer'-mes geslyp en —

ons staan net so kant-en-klaar en ten volle gereed vir die jag as wat die Israëliete die laaste nag in Egipte klaar gestaan het vir trek, toe die geroep kom: Trek uit, trek uit!

Spoedig stap ons dan ook reg teen 'n sagte, koel oostewindjie wat jou sommer so opwakker en nuwe moed inblaas vir die werk van 'n nuwe dag wat nou gebore word. Nou, boetie Sarel het mos seker nog nie 'n rou Kaapnaartjie sien stap nie, nè? O nee, hy stap nie soos 'n ou Boesmanlander nie; hy hou sy lyfie so pen-regop met die ruggie so effe hol, die skouertjies so half opgetrek en sonder enige beweging, die armpies reguit en half styf met die holkante van die handjies na agter toe, die ogies kyk nooit af nie, maar bly altyd so half manshoogte, die elmbogies buig vinnig maar in baie klein winkelhakies, die koppie draai selde rond, maar as hy die slag draai lyk dit soos iets wat op 'n gladde spil vinnig gedraai word, die treetjies is baie kort, volg snel opmekaar en herinner jou aan iets wat nou elke oomblik wil aan hardloop of galop gaan; die hele affêre lyk meer op 'n passie as op 'n stap, die hele houdinkie laat jou dink aan haastigheid, gejaagdheid en die hele postuurtjie herinner jou aan 'n houtpop, wat met draadjies in beweging gebring word. Maar, ek gee boetie Sarel te raai wat die ou snuitertertjie nogal sê, toe ek vir sy passie aan lag raak. Dink bietjie, hy durf sê ons klomp Boesmanlanders stap nie maar skommel, rol, skud en peddel vorentoe! (Wat peddel beteken weet ek nie.) Boonop sê hy toe ook nog dat, as ons die slag so op 'n manier stap, dan stap ons nie met ons bene nie, maar met ons hele liggaam van kop tot toon! Is dit nie verspot en

onnosel nie! Wie kan dan met jou bene vorentoe gaan en die ander dele van jou liggaam agter laat bly? Maar wag, dit word laat en ek het nog baie te vertel. Nouja, ons was nog nie ver van die tente af nie, toe gaan meneer pasgangertjie opeens staan en vra: 'En wat skree nou weer so snaaks?' 'My liewe ou vriendjie,' antwoord ekke-ou, 'dis maar 'n korhaan wat sy môreliedjie sing!' 'n Korhaan,' roep hy verwonderd uit, 'maar die skree mos nie so nie, want ek het mos self met ons afkom hierheen 'n korhaan op die Bokveld hoor skree!' 'My liewe ou boetatjie,' sê ekke-ou weer, 'praat jy dan van die bokveldse ou korhane? Hulle kan mos nie sing soos ons korhane nie. Hulle vloek mos net, want as jy hulle opja, skree hulle ewe kwaai: 'Dis dieselfde kullery van vergangjaar-gangjaar-gangjaar,' en as hulle later wil gaan sit, kom hulle ewe regop hulle koppe af net soos dronk goed wat hulle nekke wil breek; daarby is hulle swart voor die bors en grysbont op die rug, terwyl ons korhane heeltemal vaalgrys is net soos die grond waarop hulle woon; ook is ons korhane groter en smaak lekkerder en sing, soos ek gesê het, baie mooi — hoor maar hoe mooi kwaa-akkwak, kwaa-akkwak die mannetjie terwyl die wyfie so tussenin sekondeer, net soos twee vrolike paddas in vleie water.' Jy verstaan, boetie Sarel, ek was nog so half kwaad oor die skommel en peddel-storie en wou so'n bietjie vir ons ou wêreld opkom, maar voor ek nog verder kon praat vlieg Lagter en Spogter, wat eers geduldig al weerskante van ons geloop het, vorentoe en dadelik bespring hulle 'n gat waaruit die boë sand sommerso waai. Ekke-ou het natuurlik geweet wat dit beteken en dag toe by my-

self, wag hier is nou 'n goeie kans om vir meneer pasgangertjie 'n lekker stel te laat aftrek en so spring ek dus voorwaarts met die uitroep: ,toe ou swaertjie, hier is vir ons 'n werkie!'

Dit was 'n gat wat 'n groot, vet erdvark nou net aan grawe was, maar kyk hiersô, hy gooi darem vir jou die sand dat die stof so trek, veral nou dat hy onraad gewaar het. Lagter en Spogter grawe nou net so hard om hom van voor te keer, want hulle ken hom mos en weet goed dat van agter g'n kans is nie.

Voor meneer Sitnietjie nou weer met sy gebaaijouv kon beginne, sê ekke-ou ewe ernstig: ,Kyk my beste broertjie, ek weet ek kan op jou staatmaak, so let nou gou op en gryp die gedierte, net soos hy met die grond, wat hy agterin los gegrawe het, vorentoe kom om dit uit te gooi, aan sy stert styf vas en ruk so wat jy kan, dan sal ekke-ou hom meteens so'n stukkie lood deur die kop jaag en dan kan jy sien hoe 'n snaakse dier dit nou weer is.' Die woorde was nog nie koud op my lippe nie, toe staan broer pasganger ewe manhaftig voor die gat, klaar om te toon van watter soort stof hy gemaak is. Ek 'lag toe al stilletjies so onder in my siel, maar maak darem kastig of ek oor die wal van die gat aanlê met die geweer. Nog 'n oomblikkie en hier kom die erdvark se stertpunt al uit; nog 'n sekonde en — daar bestorm die dierbare ou mannetjie die lang ronde agterdeel van die vark maar, soe-waps! klink dit deur die lug en daar trek broer Sitnie se ou smalandhoedjie soos 'n sakdoek in 'n stormwind en hy persoonlik agterna soos 'n gedroogde vel van 'n skapie wat harslagsiek gely het maar van maerte dood is! Kyk hiersô, boetie Sarel, boetie Sarel, ek het toe bietjie

lekker gelag en my hart het sommer so lekkerlyf gevoel, want ek het mos nou die rou Kaapnaartjie laat regsit deur 'n Boesmanlandse dier om hy die Boesmanlander se stap sleg gemaak het. Maar nou sal boetie Sarel dalkies dink dat die heer erdvarkbestormer nou weer sy koppie in 'n kraalbossie gaan wegsteek het. Maar moenie glo nie, want hy het skaars daar gunter been in die lug grond gevat, toe spring hy op, skud sy ou kleertjies so bietjie af soos 'n haantjie wat in die ashoop lê en skrob het, kyk toe verwonderd 'rond en vra: 'het hy weggehardloop?' Verbeel jou, hy het gedink dat hy die erdvark mooi skoon uit die gat geruk het en toe het die dier op loop gesit! 'Nee my ou skapie,' sê ek toe, 'hier is hy nog, hy het jou maar net so saggies met sy stert van die gat af weggeswaai.'

Maar nou kon ekke-ou nie meer speel nie, want die honde en die vark jaag nou teenmekaar, in die grond in, op lewe en dood; dit skyn toe al wel of broer vetstert dit sal wen en ek wou alte graag die dier se vel hê, want dis mos die mooiste skoen-oorleer wat ek ken. Ek krap toe gou die lossand van voor weg, gaan lê plat op my maag en stuur toe die lood net op die regte oomblik die gat in.

Die gedreun hou toe op en ek wis my koeël het rouvleis gevreet. Maar dit het ons met die hulp van die honde nog goed twee uur geneem voor ons die beste grawer van die hele wêreld onder uit die grond kon haal. Die koeël is net op die kruis in en reg tussen die bladskobbe uit. Die vark was egter te vet om sommerso weg te smyt, want tant Sarie kan mos van die vet seep kook en die hotnots kan die vleis eet. Ek haal dus net

die pens uit en pak toe die lyf onder digte bossies om later te laat haal.

Die Kaapnaartjie het hom weer oor alles half kapot verstom en ek het hom belowe dat ek die stertvel mooi sag sal laat brei en daarvan dan vir hom twee handskoentjies laat maak, dan het hy mos weer 'n 'memoureal' of herinnering aan die slag wat die stert hom toegedien het.

Toe dit alles klaar was, eet ons eers gou 'n agtuurtjie en toe gee ek die ou boetatjie les hoe hy die geweer moet hanteer, hoe hy 'n bokkie of ander wild, wat op die kaal vlak staan, moet bekruip, hoe hy moet spoorsny en 'n menigte ander dingetjies wat 'n jagter behoort te weet en toe sê ek: 'Kom ou matie, nou gaan ons tweetjies duinpoue skiet.'

So teen elfuur was ons kort by die duine waar die poue loop en toe gee ekke-ou die Kaapnaartjie sy eerste porsie water uit my kantien, want toe was sy lewertjie al so droog soos 'n honderdjarige dwagraspol; daarna begrawe ek ons kantien onder 'n bos om die water koel te hou en daar gaan ons verder vort. Nou begin ons versigtig te loop en stuur die oë noukeurig in alle rigtinge rond.

En gou word ons versigtigheid beloon, want daar kom die nek en kop van 'n duinpou tussen die hoë opslag uit en nou stap ons in 'n wye sirkel, wat ons later so stadig nouer trek, al rondom die pou, tot ons hom eindelijk goed onder skoot het; en nou steek ek so loop-loop my ou vuurbek teen my regterskouer vas, sluit die linkeroog, gaan skielik staan, druk die geweerkorrel op dieselfde oomblik net so in die middel van die pourug vas, tik die geweerhaan en — ons stap

verblyd nader om die lekkerste wild van die ou Boesmanland te gaan optel. Maar kyk, boetie Sarel, dit was darem vir jou die grootste, mooiste en vetste pou wat ek ooit gesien het.

Ou Sitnietjie spring in die lug van blydschap. Hy wou ook 'n pou skiet. Dis goed en wel en so loop ons toe in die rigting waar ons 'n paar poue, na my skoot, gaan sien sit het. Lagter en Spogter is twee slim honde; ek het hulle goed geleer en hulle stap nou mooi soet al agter ons aan om ons nie te hinder nie. Die heer Kaapmannetjie is nou wat die geleerde mense noem opgewonde, maar ekke-ou wat maar dom is, noem dit somer platweg puur vuur, puur hart en puur gees. Jy, boetie Sarel, sal my wel verstaan. Jy weet mos hoe 'n mens voel as jy vir die eerste maal in jou lewe in die wildveld kom en jy moet vir die eerste maal in jou lewe jou eerste wildjie skiet. Dit smaak dan of jou hart orals klop; jou bloed word warmer; jou gees werk vinniger; jy is dood versigtig en tog dikwels baie agtelosig; jy is taamlik bevrees en tog vol hoop en moed; jy probeer erg kalm te bly, maar word al gejaagder; jy wil sagter trap as wat dit wel nodig is, maar maak tog geraas; wat jy moes onthou, vergeet jy en wat jy moes laat, doen jy; jy is dan wat die geleerde mense noem abnormaal, maar wat ekke-ou somer platweg noem onderstebo en omgekeer. Immers, jou hele innerlike gevoel is dan van buite sigbaar. Ai, boetie Sarel, boetie Sarel, jy moes tog toe vir meneer Sitnietjie kan gesien het. Sy ogies het geglinster soos 'n geitjie s'n en sy voetjies het krampagtig na kaal plekkies gesoek om tog die kleinste ou klippie, takkie of graspolletjie te vermy; sy neus-

gaatjies was glo te klein vir asemhaling en toe het sy mondjie ongemerk oopgeval en hy was nog in hierdie toestand toe ons by 'n sandlaagtetjie kom, wat taamlik hoë en digte bossies het. Net waar ons die wal van die sandlaagtetjie wou afgaan staan 'n groot kriedoringbos en so stap ons uitmekaar om weerskante van die bos om te gaan. Maar skaars was ekke-ou regoor die bos, toe hoor ek eers 'n harde gekraak en daarop die uitroep: ‚O Jesaja, help, help!‘ gevolg deur 'n geweeskoot. Doodgeskrik waai ek my om die bos en wat moes ek aanskou? Die rou Kaapnaartjie lê lankuit, op die naat van sy rug, en onder die kriedoring lê 'n dooi, jong springbokkie. Dit was al. Die honde en Sitnietjie se geweer was nêrens te sien nie! Maar boetie Sarel moet nou nie dink ek wil nou gaan voorgee dat Lagter en Spogter die arme mannetjie se geweer ewe brutaal uit sy hande geruk het en toe daarmee weggehardloop het nie.

O nee, pasop 'n bietjie; ek is mos nie 'n man wat vir my met leuens ophou nie. ‚Nou wat het eintlik dan gebeur?‘ sal jy vra. Wel, 'n klein bietjie ondersoek het my gou alles duidelik gemaak. Volgens die spore is die ou springbokkie die prooi van 'n tamaaie luiperd wat ook daar gelê het. Die arme Sitnie het skielik op die luiperd afgeloop met die gevolg dat die verskrikte en gemolesteerde dier vlak voor die stomme broertjie se neus verbygespring het, met die gevolg dat die honde toe van agteraf met so'n dolle vaart aangekom het dat een van hulle die liewe Kaapnaarkindjie onderstebo-geloop het, met die gevolg dat die nuwe jagtertjie se geweer toe daar gunter tussen die hoë graspolle só hard te land geraak het dat die skoot toe afgegaan

het. Ai julle, julle, dis wonderlik dat sommer 'n nietige ou dingetjie soms 'n klomp gevolge kan hê. Een van die gevolge kan nog boonop gewees het dat die skoot òf vir my òf vir maat Sitnie dodelik getref het. Daarom moet die arm ou sondaar tog maar altyd die liewe Heer voor oë hou. Maar wag, dit word mos laat. Nou ja, ou seun Sitnie lê op die naat van sy rug. 'Staan op ou matie,' sê ekke-ou, 'en laat ons gaan kyk hoe Lagter en Spogter 'n luiperd belag en bespot met hulle tande.' Nou maak die ou swaertjie eers sy ogies oop en sê: 'nee moenie lag en spot nie maar wys my tog die naaste en veiligste pad huis-toe.' Maar boetie Sarel, boetie Sarel, kyk toe word ekke-ou darem vir jou woedend. 'Hier jou Kaapnaar-blikkieskos-eter,' sê ekke-ou, 'jy is darem 'n koue pampoens; dit skyn my 'n mens kan net so min die vrees en bangheid uit jou liggaampie verdryf, as om jou die gevoel, dat die son skyn te kan ontnem deur jou ogies uit te steek. Sies, man, jy's kastig ook 'n Afrikaner, maar waar is jou hart? Het jy nog nie gehoor dat ons voorouers woeste barbare, Kaffers, Boesmans, tiers, leeus en duisende ander doodsgeware sonder verskrikking in die oë gekyk het nie? Wil jy nou vlug vir die dier wat al klaar vir jou gevlug het? Goed, vlug dan gou, maar dan sal jy ook meteens wees die grootste sot wat die son al ooit op geskyn het. Ook sal hierdie kriedoringbos die 'memoureal' wees om alle mense — van Kaap tot Sambesie — aan jou dwase vrees te herinner.' Hierdie woorde was nou darem so bietjies te veel vir die moeden-hart-gebrek-ou-skepseltjie. Hy staan dus op, bekijk die wêreld eers goed en sê toe: 'Ould men, een dood is ek tog skuldig, so maak dan maar wat jy wil.' Hier

maak hy toe 'n beweging net asof hy hom nou geheel onderwerp aan die swaarste, wreedste en afgrypslikste lot op aarde en ekke-ou kon nie help om weer te skommel en te ,peddel' van lag nie. Skaars vier honderd jaarts van die kriedoring kry ons vir Lagter en Spogter met die luiperd plat op die grond en in sy laaste stuiptrekkings. Sy dik nekare was afgebyt en sy ribbekas was 'n papsak. Dit was 'n mooi dier en van sy neus tot op sy stert se punt was hy sewe-en-'n-half voet. Toe ek die vel met kop, naels en stert en al mooi netjies afgeslag het, sê ek: 'Toe neef Moenie-sitnie, ek doen jou die pragtige luiperdvel present.' Maar mensekinders, kyk, toe trippel die ou mannetjie soos 'n egte Boesman wat die bontperdriël dans net van pure blydschap! As ek moet sê, sit in die rou Kaapnaartjie meer gevoel as in die Boesmanlandse kind. Sy vrees, sy blydschap, sy erns, sy hartseer, sy nukke, sy toorn, ja alles van hom lyk vir my werk baie skerper, gouer en sigbaarder as by ons kinders. Maar miskien is dit om die Boesmanlandse kindertjies op 'n donkietrekwa so stadiggies voorwaarts sukkel, terwyl die Kaapnaartjie op treine, trems en moterkarre oor die wêreld rond vlieg. Hoe dit ook al is, die ou Kaapseuntjie was blyer as ek al ooit 'n mens gesien het en hy sou langer sy verrukking nog deur dans en trippel getoon het, maar toe spring ekke-ou in die middel en sê: 'Kyk, ou nefie, ek glo nie jy sal 'n pou raak skiet nie en om hom mis te skiet is nie weer 'n kuns nie, dus moet jy maar kom dat ons liever daar onder in Dooddrink se laagte gaan springbokke soek; dis nou baie warm en as daar bakkies is, sal hulle onder die t'kaambome staan en slaap. Dan het ons goeie kans om

hulle te bekruipe en dan kan jy jou kans waarneem.

Dit was net so na die luiperdbasie se sin en skaars 'n halfuurtjie later stap ons in Dooddrink se laagte af. Die wêreld is daar bietjie ruig maar gou bemerk ekke-ou darem 'n paar springbokkies in die bokant van die wind onder 'n paar groot bosse. Dit was omtrent een-uur in die middag; die son het gebrand soos 'n oond en die muggies het gebyt of hulle betaal word en die sonbesies het geskree of hulle vermoor word. Dit was net die regte tyd vir 'n man wat maar swak skiet om die bokkies tot op 'n paar tree te bekruipe. 'Kyk,' sê ek toe, 'nou moet jy, ou nefie, net maak soos ek maak; as ek buk, moet jy buk; as ek kruip, moet jy kruip en as ek seil, moet jy seil.' Ook wys ek hom toe weer hoe hy moet korrelvat en watter teken ek sal gee as hy moet aanlê en skiet.

Toe trek ek 'n streep op die grond en wys vir Lagter en Spogter dat hulle nou eers daar moet bly staan. En nou trap ons eers voetjie vir voetjie en gebukkend nader en toe weer hande-vier-voet tot skaars dertig tree van die bokkies af. Maar ek wou nog nader sukkel, want ek wou hê die Kaapnaartjie moet die beste kans kry om raak te skiet en so 'peddel' ons vorentoe op knieë en elmboë tot agter 'n tamaai brakbos en nie verder as uitsers tien tree van die bokkies nie. Hulle staan met die agterkant na ons gekeer, want hulle koppe het hulle in die bosse gesteek vir die muggies. Ons kon hulle sien asemhaal! Dit was 'n benoude oomblik. Die Kaapnaartjie was bloedrooi soos 'n gaargekookte kreef en sy ou hartjie het hoorbaar geklop. Ons was altwee doodmoeg, want ons wou selfs nie asemhaal nie. Ek laat nou my ou matie plat op sy magie lê, wys hom hoe

en waar hy moet korrel vat, streel hom so saggies oor die koppie, gee die skietteken en gryp toe my geweer om, as die bokkies eers so op 'n honderd jaarts wegvlieg, een van hulle vir my om te kap. ‚Kapaks,‘ klink dit hier langs my en — daar lê 'n bok en daar loop die ander. ‚Kapaks,‘ klink dit weer en daar lê my bok ook en daar loop die origes.

Ek was bly en in my skik maar — waar is Sitnie? Hier is sy geweer, maar waar is hy? O! daar sit hy op die bok wat hy geskiet het! Die dodelik gewonde bok skop sy hems moutjies af, maar hy hou vas uit alle mag, want hy is te dom om te sien dat hierdie bok nooit weer op die wêreld sal hardloop nie, en te onnosel om die bok dan maar keel-af te sny. Vóór ek hom kon gaan help, moes ek eers Lagter en Spogter wys dat hulle nie nog 'n bok moes gaan vang nie: ons het reeds genoeg wild om huis-toe te dra. ‚Baai jouf, ould men,‘ skree die mannetjie, wat nou so opswel van pure trots, ‚baai jouf, kom help!‘ Net toe ek by hom kom gee die bok egter sy laaste ruk, en so was daar gelukkig nie nog 'n genadeslag nodig nie. Ek is 'n ou jagter maar, boetie Sarel moet weet dat die genadeslag vir my vandag nog die afgrysklikste ding op die wêreld is. Dit maak my grillerig, bewerig, yskoud en vuurwarm tegelyk. Dis my swakpunt. ‚O wêreld,‘ roep ouboet Sitnie toe uit, ‚maak tog die bok se oë toe, want ek kan tog nie so in daardie groot, sterwende oë, met die wonderlike blou-groen doodskleur kyk nie; dit lyk al of hy my bitter verwytend aanstaar!‘ ‚Ag man,‘ sê ekke-ou, ‚dis maar jou teergevoelige gewete wat met jou grappies maak en daaroor hoef jy jou nie te bekommer nie, want 'n mens met so'n konsensie is nog salig; ver-

tel my maar of jy nou sal onthou hoe om te skiet.'

Hy sit toe eers so ewe ernstig voor hom uit en kyk en sê later: 'Ja ould men, maar nie volgens jy my geleer het nie.' 'Nou hoe dan?' vra ekke-ou. 'Wel,' sê hy, 'my vinger het die haan afgetrek vóór my oog die korrel raak gevat het en toe ek doodgeskrik eers darem gou korrel ook wou vat, toe lê die bok al onderstebo!'

Maar kyk hiersô, boetie Sarel, boetie Sarel, toe giegil en gagil ekke-ou darem vir jou vir daardie stukkend geskeurde hems mou-mannetjie tot die trane so uit my oë spring. Na ek my so half kapot gelag het, sê ek vir hom: 'Nou kyk hier, my allerliefste ou nefie, g'n mens op aarde kan 'n goeie skoot sonder korrelvat skiet nie en dis dus ook nie jy nie, maar die geweer wat somer by toeval goed getref het en daarom moet jy maar stilbly van daardie haan-aftrekkery, want anders spot die Boesmanlandse kinders jou morsdood.' Maar daarvan wou boet mouverskeur glad niks hoor nie, 'want,' sê hy, 'ek het tog immers persoonlik die haan met my eie hand afgetrek en dus kom my die eer persoonlik toe en ek sal dit ook van my pappie in alle koerante laat druk.' Toe dag ek by myselwe, wel as hierdie ou snuiterjie in koerante moet geroem word, wat behoort dan gedaan word aan 'n Dirkie Uys, 'n Hansie Smal en die honderde dapper knapies uit die voortrekkersdae en uit die laaste groot Boer Oorlog?

By hierdie gedagte word ek toe bitterlik vertoornd op die verwaande Kaapnaar-kêreltjie, maar voor ek nog my toorn kon luggee, sê hy: 'Kyk ould men, ek wil darem toegee dat teregwysing en die deugdelikheid van die geweer my regtig baie gehelp het, om die bok raak te skiet en ek dink my pappie moet dus in die

koerant laat sit dat ek wel 'n springbok doodgeskiet het maar dat jy, ould men, en die geweer daarin byna die grootste rol gespeel het.' Opeens was toe al my toorn weg en toe sê ek: ,Wel ek dink dit sal die interessantste, wonderlikste en vernaamste nuus wees wat 'n koerant al ooit bevat het.'

Maar kyk, boetie Sarel, dit word laat en ekke-ou moet nog voor bokwerktyd op Omdraaivlei wees; boetie Sarel moet weet ons het baie hansies en boklammertjies wat ons moet suipgee en ek het dus nie tyd-om nou alles te vertel nie. Ek wil nog net sê dat ons die jagdag baie laat by die huis gekom het, want my mede jagmatie was eers te swak om — hoewel sestien jaar oud — 'n hele springbok te dra! Ons moes kort-kort rus dat hy eers weer kon verademing kry. En op die terugtog het ek my ook meer dan eens so byna siek gelag, veral toe ons skielik op 'n ou skaapstekerslangetjie afkom wat besig was om 'n nôiensuil-eier in te sluk. Toe smyt die dapper Kaapnaarskuttertjie die bok neer wat hy dra, kies die haaspad en skree nog terug: ,Ould men, red die bok en ek sal probeer om my self te red!' Van die dag wat die klaasneus hom aan die duim beet gehad het, was hy so bang vir muise, akkeldisse, geitjies, dikdye en ander ou diertjies soos 'n duiwel vir die slypsteen. Dis net jammer dat ek nou nie meer tyd het nie, maar as ek weer eendag hier kom, sal ek boetie Sarel nog 'n hele boel ander dingetjies van die snaakse Kaapnaartjie vertel.

Nou ja, goeie naand, boetie Sarel."

Hier lig ,ould men' sy hoed en sny toe die rieme so op 'n kort draffie Omdraaivlei-toe.

V.

'n Rou Boesmanlander in Kaapstad.

„Boetie Sarel, boetie Sarel, ai dan is ek tog nou bly dat ek jou weer ontmoet, want ek wil jou nou 'n baie wonderlike ding vertel: ek was — moenie skrik nie — ek was binne in die Kaapstad! Ja, ek was daar so seker as ons twee nou hier staan!

Die ou rou Kaapnaartjie, wat ek boetie Sarel al so baie van vertel het, het my saam met hom Kaap-toe geneem! En so was ekke-ou dan tog ook in die groot en verskriklike Babel, ag ek wou sê Kaapstad!

En nou wil jy, boetie Sarel, seker ook iets van die geweldige stad hoor, nè? Nouja, ek het die ganse Bybel deurblaai om beskrywings van groot stede, wat met die Kaapstad ooreenkom te kry en toe vind ek in die 3de versie van Nahum 8 die volgende woorde: „Welker voormuur de see is;” en so staan sake met die Kaapstad ook. Hy het waarlik ook 'n voormuur van see. Verder is daar 'n platberg met die kleure van rooi, blou, groen en grys deurmekaar; ook het die Heer daar 'n hoë, trotse toring aan die noordweste kant van die groot platberg gebou, die Leeukop. As hierdie toring net hoër en aan die platberg gewees het, sou die reusagtige gestalte jou aan 'n vreeslike groot platdakhuis met 'n skoorsteen herinner het. Hierdie Leeu-

kop het wonderlike gedagtes by my opgewek. Dan skyn dit my of hy daar staan slegs as 'n toonbeeld van die almag van sy Bouheer; dan lyk dit of hy met die mees veragte blik neersien op die ydele, nietige mensies daar onder aan sy voet; dan kom my dit weer voor of hy ons gedurig na die Hemel wys en ons toeroep:

„Hoog, omhoog, het hart naar boven!”

Ja, boetie Sarel, die sterfling op wie Leeukop nie baie diep indrukke maak nie, is — ek praat nou sommer die waarheid — gevoelloos en blind.

Maar ek sal nou eers die handwerk van die Heer laat staan en oor wat mensehand gedoen het, praat: En dit moet ek boetie Sarel sê, dat die handwerk van die mens daar lyk soos die arbeid van gode! Luister maar: Daar staan, om mee te begin, 'n stadhuis so skoon soos 'n bruid, so wit soos 'n lelie en so kunstig soos 'n heuningkoek. Ja, boetie Sarel, daar in die Kaapstad toon die mens dat hy nie alleen heerskappy oor die vis van die see en oor die voël van die lug en oor al wat dier is van die veld voer nie, maar dat hy ook baas is oor die dooie marmer en harde graniet! En van hierdie stene maak hy tralies, pilare, beelde, tafels, net wat hy wil! Maar ek vergeet wat ek nog van die stadhuis wou sê. Wel, dis 'n huis. . . . wat sê ek! . . . dis 'n paleis, groter as 'n tent maar bietjie kleiner as 'n berg. O, jy lag vir my, boetie Sarel! Meen jy dan dat die Boesmanlander, wat nog nooit verder as Boesmanland was nie, die dinge van daardie geweldige stad ooit beter sal kan beskryf? Dus sal ek maar sê die stadhuis is vir die Boesmanlander onbeskryflik. Maar daar is meer sulke onbeskryflike dinge. Tog wil

ek twee van hulle nog aanroer: Die eerste is 'n wonderlike sementpad. Hierdie pad begin by 'n ou pikswart beeld (wat hulle Jan van Riebeek noem) en loop 'n end bo-oor die blou-groen waters van die see en is baie korter maar tewens ook baie breër as 'n goewermentspad. Maar wat nog wonderliker is, is dat die pad, waarop die mense wemel soos miere, eindig by Mattheus die Tollenaar.

O ja, dis die reine waarheid. Immers, op die end van die pad daar gunter in die see — staan 'n toring, en in die voet van die toring is 'n huisie so groot soos ou Sannie Voete se koskas, en in hierdie toring-koskas moet jy eers tolgeld betaal vóór jy in die toring kan opklouter! En nou moet boetie Sarel nog hoor watter snaakse naam die sementpad het. Verbeel jou, hulle noem dit Pier! A-ja, ekke-ou het nou weer in die Kaap drie Engelse woorde opgetel; dit is „ofkos”, „pier” en „misaas”. „Ofkos” beteken ‚natuurlik’, en „pier” beteken ofkos ‚sementpad’ en „misaas” beteken ‚opvrywe dat dit bars’. Nouja, ek wil ofkos van nog 'n ding vertel, en by hierdie ding was ek boos en bedroef tegelyk. Baie boos ja en bitterlik bedroef boonop. Want boetie Sarel moet weet dat die ding wat ek nou van praat die Kasteel is, en sover ek kan verstaan het die ganse publiek — dus ook die Boesmanlanders wat nie Engels verstaan nie — die reg om die Kasteel te gaan besoek. En tog stap daar 'n gids met jou rond en probeer jou alles in Engels duidelik maak! Vir my was dit beter as hy liewers nooit sy Engelse mond opmaak het nie. Ek bejammer egter die arme gids, want sê nou hy kom eendag in Boesmanland en hy het medisyne, kooigoed en kos en water nodig en hy kan

dan nog nie die taal van die Boesmanlander praat nie, wat word dan van die stomme kêreltjie? Sou sy Engels dan nie sy toestand vererger nie? Maar ek dwaal van my punt. Die Kasteel het yselike dik, vyfhoekige mure en by die ingang is iets wat vir Jesaja 38 duidelik maak. Dis 'n sonwyser wat ook in grade verdeel is soos die van Achaz in genoemde hoofstuk. Verder weet ek van die Kasteel niks, want die gids praat net Engels en broer rou Kaapmatie, wat alles kan vertaal het, het toe siek gelê aan iets wat hulle appennisaaites noem. Ek weet dus net dat die Kasteel ofkos baie oud is en dat by die ingang gewys word hoe die grade van Achaz se sonnewyser verdeel was.

Oumaat Sitnie se appennisaaites het hom gelukkig gou verlaat en toe het ons twee op rondjakkert uitgegaan. En raai nou waarop ekke-ou toe moes ry? Hoor bietjie, op waens met lang ystersterte bo-op hulle kappe en op tweewiel goeters bygenaamd keppel! So'n kep is eintlik 'n ding met 'n koetsier wat, soos dit vir my gelyk het, bo-op die ding se kap sit! In die koetsier se hand is twee leisels wat bo-oor die kap afloop na 'n ou maer kromrug perd, wat tussen twee kromstokke of disselbome al stertswaaiende vorentoe galop! Maar boetie Sarel, boetie Sarel, hierdie kepding-gedoente mag wonderlik wees, maar daardie wa met die ysterstert aan 'n dun draadjie is ganskelik bo my vuurmaakplek! Hoe die ding nou eintlik loop is 'n raaisel, 'n geheim, 'n diepe verborgenheid. Ek beskou dit vir 'n soort oogverblindery en duiwelskunsenaar en ek gaan my ofkos nie besondig om daar verder oor te praat nie. En daar is meer sulke onverklaarbare dinge wat ek dus liewers glad nie sal aanroer nie.

Tog is ek nog volgeprop van ander sake en so sal ek dan nou maar daarvan vertel net soos dit in my gedagte opkom. Nou wel, eers wil ek oor die Kaapstadse winkeliers en hulle handlangers praat. Hierdie soort mense verstaan die geweldige mag van die begeerlikheid en maak daarvan goed gebruik om klante by die duisende te kry. En daarom is die ganse Kaapland beskilder en beplak met die aanmoedigendste advertensies in die lokkendste taal en sierlikste letters om jou begerig te maak om te koop en nogmaals te koop. Daarom staan hulle tempelagtige winkels eintlik op pilare met deurskynende glas tussenin waardeur jy die skatte, die weelde, die prag en al die begeerlikheid van die aarde met jou reeds begeerlike oog kan aanskou! Daarom word daar duisende planne bedag om jou te prikkel, aan te vuur en op te hits tot begeerlikheid en dan hang hulle soos dodelike bloedsuiers aan jou beursie. Ja, boetie Sarel, boetie Sarel, my stomme geldbeursie het daar inmekaar gekrimp soos 'n oopgebarste windblaas! Maar toe wou ek eers koop, koop! O ja, ek het later selfs 'n ring gekoop vir ou Sannie Voete wat ons verloofskap gebreek het en 'n twaksak vir ou Bittergal wat my glad nie kan verdra nie! Die hebsug en die begeerlikheid, wat dié wortel van al die kwaad is, is 'n dodelike kwaal en bewaar die afstameling van Adam wat daardeur aangetas word! Ek is daar gans seker van dat so'n aangetaste persoon die Kaapstad naak sal verlaat.

En nou wil ek oor seker huise, wat hulle baai-oskoppe noem, praat. In hierdie huise is egter nie baie oskoppe nie maar baie ydel vermaak. Verder gaan dit in die huise soos die outydse raaiseltjie sê: Al jieker

al jakker, die dooie maak die lewendige wakker. Immers, daar word dooie prente vertoon waarop alles gaan, staan, wentel, drentel, indring of wegspring en daardeur word die toeskouer deëlik aangewakker om sy volste aandag aan die hele affêre te skink en kortkort onder die grootste lewe uit te gil en hande te klap! So wakker die dooie vertonings die ydele mens daarop tot nuttelose wêreldsvermaak wat ook slegs duur so lank jy instaat is om jou oog op die gedoente te bederf!

Ook hierdie vertonings en tonele word op Engels, waarvan ekke-ou maar drie woorde opgetel het, duidelik gemaak! Dus, van die baai-oskoppe nog net dit: Dit het my baie gegrief om te sien dat die getal van hulle besoekers die getal kerkgaandes ver, baie ver oortref het. Gegrief sê ek, want die kerk kom tog meer eer toe as sulke huise waar nooit probeer word om ook die gees en siel te voed nie.

Maar nou weer iets anders: Die Kaapstad is vreeslik ongerekend en verwaand. Dink bietjie, ek het my daar opgepollies en uitgetof en my beste kisklere aange-poets en my arme voete in 'n paar blink krakers gestee en om my stomme nek 'n stywe boordjie gegespe maar niemand, ja niemand, boetie Sarel, het dit ooit raak gesien of bewonder nie!

In die Boesmanland sou ek 'n diep indruk op al die vroumense gemaak het. Maar die spul Kaapnaarsters weet seker vandag nog nie eens dat so iemand as ekke-ou in die Kaapstad was nie, so min notiesie is van my geneem. Ek 't later selfs met 'n wokkiestiek en 'n sigaar in die strate op en afgekuier en my lyf knipmes gehou, en nou en dan 'n mooi rooi sysakdoek uit-

geruk om kastig vuilplekkies hier en daar aan my klere af te stof en nog baie ander planne gemaak om die aandag te trek, maar dit was alles tevergeefs! Selfs die vuilste en swartste tater van 'n Kaffer het teen my verby geskuur sonder my eens 'n „Dag, Baas!” toe te werp! Dit was darem so bietjie te veel vir my. In wanhoop het ek toe maar 'n ander Kaffer dopgehou en net toe hy ook weer plan maak om my sonder groet verby te glip, keer ek hom van voor met die woorde: „Dê, my outa, hier is vir jou 'n stukkie twak; my sakke is mos reeds te vol.”

Maar pleks van dat die ou, soos ek my voorgestel het, vol eerbied en respek vir my persoon sal raak en met baie woorde van dank die stukkie twak sal aanneem, kyk hy my skaars aan en sê laggende terug oor sy skouer: „Nou-smoker!”

Maar kyk, toe kook my bloed van ergernis, want ek het my vas verbeel dat „nou-smoker” seker 'n afskuwelike vloekwoord moet wees wat die vergalste skepsel my nog boonop toegesnou het. Daar was nou g'n ander raad vir my nie as om vir Sitniemaat te vra wat die woord eintlik beteken. Maar hoe verbaas was ek toe hy sê dit beteken net „g'n roker nie”!

Kort na hierdie gevalletjie het ek en Sitnie nog 'n ondervelder — iemand uit Namakwaland — by 'n haarsnyer, waar ek my hare wou laat top, ontmoet. Die man het sy seuntjie wat doof was Kaap-toe gebring om te sien of die dokters nie die kind se gehoor kon verbeter nie. Ek het eerste 'n praatjie met die man aangeknoop en toe sommer aan sy woorde verstaan dat hy ook 'n ondervelder was. Soort soek mos soort en kry mos ook mekaar. Ons twee het dan ook sommer

oor weerligte en droogtes in die Boesmanland begin praat. Maar toe kom sy beurt dat sy hare kan gesny word. Toe was dit 'n hele omslagtigheid. Eers het die haarsnyer 'n groot laken om die ou Namakwalander se lyf gedraai, asof hy dood is, toe begin hy met masien, kam en skêr op die ou kêrel se kop te speel en toe brand hy die stomme ou man se hare se punte met 'n vlammente rietjie! Dit was vir die seuntjie, wat tot sover alles met groot oë stilswyend aanskou het, darem te veel en so roep hy verskrik uit: „Hetsè, Pa, Pa gesels nog en hulle steek al Pa se kop aan die brand!”

Op daardie oomblik neem ek my toe ook stil-letjies voor om my kop nie te laat skeer nie. En dit was toe ook nog nie met die arme Namakwalander klaar nie, want na die brandery word hy gemisaas — ek meen sy kop — en met so'n elekskrisiteit-ding al om die ore gekielie tot die ou later pers in die gesig was.

Mister Sitnie het baie gesoebat, maar ek was vas beslote en so is my hare toe nie geknip nie.

En nou nog net dit, boetie Sarel: Ons, hier in ou Boesmanland is nou salig en gelukkig. Immers, 'n dronkaard is hier 'n seldsaamheid. Maar foei, foei, in die Kaapstad skyn my selfs 'n nasie van dronkaards te wees! Dit was my tog te naar; ek ken mos nie so nie. Verbeel jou, boetie Sarel, iemand het daar een agtermiddag vóór my neergeslaan dat die stinkende brandewyn so uit sy groot baadjiesak gespat het! Hulle dra dit daar dus in bottels op straat ook rond.

Tog, ten spyte van hierdie onheil, raai ek boetie Sarel aan ook eendag die Kaap te gaan bekyk. Oorlede ou Bosbaard het altyd gesê: „Mense, as julle

wonderlikheid wil aanskou, gaan kyk dan bietjie vir Porteville." (Maar sien, die ou was nog nooit in sy lewe verder as bogenoemde dorpie nie.) Ek sê weer, as jy wil baie sien en baie leer, gaan dan na die Kaap wat so groot is dat hy met Portevilletjie kan maak wat die walvis met Jona gemaak het.

Maar nou moet ek hier stop, boetie Sarel, want ek het 'n paar brandsiek-bokke wat ek nou eers ofkos met twakekstrak wil gaan misaas."

VI.

Ons eerste Nuwejaar in Boesmanland.

„Boetie Sarel, onthou boetie Sarel nog wat ek laas van die ou rou Kaapnaartjie vertel het? Nouja, wag so bietjie en gee my so 'n kansie om nou alweer so bietjie van sy dingetjies op die lappe te bring.

Wel, boetie Sarel weet mos dat ons ou klomp Boesmanlanders, van voor Kersmis af al, al opgeruimder en plesieriger word totdat ons, as Nuwejaarsdag eers aanbreek, nie meer ons tande laat kroskry nie van al die lag en spot en pret en grappies. Nouja, hoor bietjie hier: Drie dae voor Kersmis kry ek en die ou rou Kaapboetatjie drie versoeke. Die eerste versoek is van ou Sannie Voete; sy wou hê ons moet vir haar die deeg vir mosbolletjies kom knie en haar verder help met die uitmetyr en afweëry van suiker, meel, botter, kremetart, krente, melk en Jan Jorie weet wat alles.

Die tweede versoek was van Klaas Voorstegestoelte; hy versoek ons dringend om na hom op Blinkbakkies te kom, dan sou hy met ons op Nuwejaarsdag van plaas tot plaas onder die bure rondry. Maar die derde versoek was die dringendste. Dit kom van ou Salmaarsê. Hy smeek ons om tog te help versies maak wat paslik is op die Nuwejaar. Verder maak hy ons bekend dat 'n hele klomp Boesmanlanders daaraan

sal deelneem, dat elkeen sy versie of versies op Nuwejaarsdag by hom op Kriekieskrik moet kom inlewer, dan sal vir die beste versies pryse gegee word.

„Wel, my liewe ou Sitnietjie,” sê ek toe aan die ou Kaapnaarmannetjie, „hier is nou vir ons twee 'n kans om vir ou Salmaarsê, ou Sannie Voete en Klaas Voorstestoel aanmekaar te knoop deur vir Omdraaivlei, Blinkbakkies en Kriekieskrik aldrie te gaan besoek; op die manier slaan ons drie vlieë in een klap.” Hiermee stem neef Kaapseun in en spoedig was ons by Sannie Voete op Omdraaivlei, want ons sou haar eers help. Nouja goed, ou Sannie was op haar stukke en draf haastig rond om alles in gereedheid te bring. Die mosbolletjie-deeg was ook net juis al klaar aangemaak en so kon ek en die ou liewe Kaapgedoentetjie maar begin te knie aan die taai deeg.

Maar boetie Sarel, boetie Sarel, dit was vir jou darem nie sommer hiersô se ding nie; ja-nee, die moet 'n man nou darem sommer goed verstaan dat mosbolletjie-deeg se knieëry sommer haastig bietjie baie sweet laat draf. Toe ek vir my kom kry, toe staan mister Kaapseun al hoeka kant-en-klaar om die taai deeg van ou sus Sannie Voete te bespring. Hy het net 'n sindelike figuurtjie gemaak: sy handjies en armpies was silwerskoon gewas en sy ou hempsmoutjies tot by die ou klein kieliebakkies opgerol.

Ou suster Voete het ook vir hom 'n graslinnese voorskoot, wat op die grond sleep, om die middel-lyfie geknoop. Nou maak die ou boetatjie eers so 'n snaakse buiginkie, wat lyk of hy net in sy twee heupies swik, voor ou nig Voete en skree toe op Engels: „Raait ou, joe aar mai bes tjum en aail do ennieding vor joe.”

Hierdie woorde het ek later by die ou Kaapsnuitertjie uit my kop geleer. Hy sê dit beteken op Afrikaans: Dis reg, jy is die beste spektakel maar ek sal vir jou nie elke ding doen nie. Nouja, boetie Sarel, jy het mos al 'n bok in Grootrivier se willesand in vlakwater sien vassit en sien spook en spartel? Nouja, net so het dit met die heertjie Kaapman in daardie deeg van ou niggie Voetevrindin gegaan. Net soos 'n bok het hy met die agtervoete styf vasgetrap om die voorstes uit te ruk, maar nee! Toe het hy weer die ou linkerarmpie al dieper in die ou groot kniekom ingeoor tot op die boom, om vas te druk en dan eers die regterarm uit te pluk, maar moenie glo nie! Mnr. Sitnie sit toe eindelijk en ten laaste so vas soos 'n streepmuisie tussen die tande van 'n splinternuwe slagystertjie!

Kyk hiersô, boetie Sarel, dit was vir jou darem 'n komieke skouspeltjie. En nou moet boetie Sarel nog weet dat 'n hele spul Boesmanlandse nôiens by die koekbakkerij teenswoordig was! Ou tant Roubeskuit se dogter, Hannie, is mos 'n meisiekind wat vir jou kan spot dat dit vir jou later smaak of jy ou oorlede Maljan Grootverspot persoonlik is. Maar vir Gertruida Okkert, al kyk sy ook oormekaar, en vir Bertiena Sooltjies, al loop sy ook 'n bietjie mank, moet 'n mens ook nie weggooi nie; hulle is mos net sulke twee spotvoëls. Nou kan boetie Sarel self begryp hoe seurtjie Sitnie daar in die deegskottel onder hulle tonge moes deurloop.

Die Nuwejaar kom mos aan en die Boesmanlandse kinders het mos baie dingetjies by daardie tyd. Hannie Roubeskuit staan so hand-in-die-sy, bekyk vir broeder Roukaapman so skelmpies van agteraf, knip haar twee

jonkmanshartversmelters — ek meen haar twee pragtige, engelagtige oë — na haar maters se kant toe en sê: „Sie, sie, so knaphandig het ek nog nóóit 'n Boesmanlander met deeg sien werk nie, daarom wil ek maar so 'n rou Kaapnaartjie trou.” „Ja, ja, ons sê dieselfde ding,” roep die ander uit, terwyl Bertiena Sooltjies die Kaapharlekyntjie op die nekkie tik en sê: „Ag, my liewe neef Kaapstadmeneer, my hartjie die klop tog vir jou alte teer.”

Maar my liewe boetie Sarel, boetie Sarel, hierdie vleiery en spot neem die ou stomme Kaapdingetjie toe jou-by-my-niks vir waarheid en erns op! Dit maak hom toe trots, manhaftig, galant, vryerig en smoorverlief tegelyk! Ek sweer daarvoor, hy was toe die ware toonbeeld van 'n ou verwaande hoendertjie, wat toe net uitgevind het dat hy kan kraai, dat hy twee spoortjies en lang stertveertjies begin te kry en dat hy dus 'n haan is! So'n belaglike figuurtjie by 'n deegskottel kry 'n mens nie weer te sien nie.

Hy trek sy ruggie so hol, hy span al sy kraggies in om sy armpies uit die deeg te ruk, hy swaai sy koppie in alle rigtinge om met elkeen mee te lag, hy beweeg sy ganse liggaampie, behalwe sy twee vuïesies in die deeg, hy bekyk die ou groot kniekom ewe brutaal aan, hy probeer moed hou en spartel soos 'n vlieg in dodelike spinrakke, maar sy ou hartjie begin eindelijk sigbaar in sy ou skoentjies te sak. Nou begin die affêre nie meer vir ou suster Voete aan te staan nie.

Sy ruk die ou Kaapbroertjie uit die deeg, stoot hom die deur uit en sê: „Loop nefie, loop frommel die deeg daar buite van jou hande af, dat my ou kuikentjies dit kan optel: jy pas beter by kuikens as by boerwerk.”

Boetie Sarel weet mos dat ou Sannie Voete soms so kortaf en beledigend kan praat, hoewel sy daar g'n kwaad by meen nie. Haar woorde het egter vir Kaapmatie baie vererg en wou hom op haar wreek. Toe hy dus later inkom sê hy: „Mejuffrou Sannie, jy is mos 'n oujongnôï en so moet jy vir ons oujongnôïskoeke ook bak." Nou, boetie Sarel weet mos dat ou sus Sannie die woord ‚oujongnôï' meer haat as elke Boesmanlander 'n pofadder onder sy kopkussing?

Boetie Sarel kan dus verstaan hoe bitsig ou Sannie toe word. In haar drif trek sy vriend Sitnie oor haar skoot, druk sy neusie toe en gooi 'n lepel fyn gemaalde peper, wat sy net vir tesaalvleis uitgemeet het, agter in sy keeltjie met die woorde: „Jy het jou mondjie verbrand, maar ek wil jou dit laat voel." Die gevolge van hierdie daad was vir Sitnieboeta baie pynlik en onder 'n genies en geproes het die traantjies oor sy wange gerol.

Nouja, boetie Sarel, ek is 'n man wat altyd graag vir 'n meisiemens, al is dit dan ook selfs vir ou Sannie Voete, party trek, en om haar hart weer so bietjie af te koel, sê ek aan ou maat Peperverslik: „Kyk hier, ou Boetatjie, elke redelike wese met gesonde verstand en 'n vrye wil is verantwoordelik vir sy daad; nou, volgens my opienie is die mens juis so'n redelike wese met gesonde verstand en 'n vrye wil, dus wil ek sweer dat die mens verbrands verantwoordelik vir sy daad en sy woord moet wees."

„Ja," begin seun Kaapman toe, „maar wat het dit met die hoop peper in my keelstrot te doen?" „A, luister bietjie," gooi ek hom voor die kop, „ons het gehoor dat die mens met sy vrye wil verantwoordelik is

vir selfs sy woorde; nouja, jy is mos ook 'n mens en dus ook verantwoordelik vir jou woord, — nou toe, luister nou sommer goed: jou woord was kwaad want dit het kwaad verwek en soort kom van soort en — onthou dit nou goed, my ou liewelingetjie, kwaad word altyd gestraf."

„Ja, kwaad word gestraf," brom hy weer terug, „maar ek, my persoon, is mos nie die kwaad nie." „Nee wag, ou skapie," keer ek hom weer, „jyself mag nie die kwaad wees nie, maar jyself het tog die kwaad gesaai en — nou sal ek vir jou sommer uit die Bybel pak — „zowat den mens zaait dat zal den mens ook zelf maait."

Hierdie woorde van my het toe vir Moeniesitnie só dronk geslaan, dat hy ook nie langer sy man kan staan nie en dus, ten spyte van sy naam, tog ewe gedwee moet gaan sit. Maar nou was daar ook nie meer tyd vir stryery nie. Ek bespring toe self die deeg en knie dat, ek het amper gesê, dat die stof so trek.

Hannie, Sooltjies, Gertruida, Sitnie, ou Sannie, almal is nou skielik druk besig: die een weeg iets af, die ander klits eiers, nog 'n ander lees koekreseppe voor onderwyl iemand anders die koekpanne vet smeer of die bakoonde opwarm. En, sien boetie Sarel, toe die son die dag begin waterskep, toe staan ou nig Voete se ou groot groen-erfnis-kis vol sesduim lang terte gepak; daarby het haar ou twee groot hoededose, haar ou groot bruin koffert en haar ou groot blou koskas met die groot geel ster van voor, ek het amper gesê, gestaan en kreun en steun onder die gewig van al die soorte koek. Net oujongnôiskoek, natuurlik, was nie daarby nie! Ons het waarlik die dag nie gespeel nie,

hoewel ons tog so baie gekgeskeer en gekorswil het. Ook was ek-ou en die broer Sitnie só verlief op die nôiens geraak, dat ons amper die aand moed genoeg gehad het om elk een meisie te vra om mee op te sit. Sy moed was egter nog te jonk en myne weer te oud, want boetie Sarel moet weet dat ek ook al so stadig-gies na die vyftig toe kruip, of liewers hardloop, want die tyd vlieg mos; en neef Kaapnaar is glo nog maar sestien.

Ons tweetjies het dus toe maar aan die Nuwejaars-versies vir ou Salmaarsê tot laat in die nag gesukkel. Ons het egter nie vir mekaar ons versies gewys nie: by ou Salmaarsê sou alles eers geopenbaar word. Nouja, om 'n lang storie kort te maak, die volgende môre het ek-ou en Kaapmaat toe maar met verskeurde harte van Susanna Grootvoet en die onvergeetlike meisies afskeid geneem om na ons teenswoordige staanplek te gaan om daar vir ons so bietjie agtermekaarder te pluk vir die aanstaande Nuwejaar.

Daar gekom, het ons ook weer verder met die versies gespook. Vriend Sitnie het toe dikwels 'n ou boek van hom, wat hy dieksomierrie of fieksonerrie of so-agtig noem, geraadpleeg. Wat so'n ou boek met versiesmaak te doen het, sou ek later uitvind. Spoedig was die tyd daar dat ons moet vertrek. Ons gaan eers na ou Salmaarsê. Baie vroeg op Nuwejaarsdagmôre wil ons hom die versies aflewer, sodat ons tyd genoeg het om nog dieselfde dag met Klaas Voorstestoel te gaan rondjakkter.

Maar boetie Sarel, dis waar, toe ons die môre op Kriekieskrik by ou Salmaarsê kom, toe wemel dit van die ding mens. Sowat twaalf tente staan dig bymekaar,

aan die kant van die pragtige Kriekieskrik se vlei. Daar uit die verte kan jy die geblêr van die troppe skape, wat weiveld-toe trek, hoor; van een van die verste tente waai ons die gedruis van voetegetrappel en die klanke van musiek in die ore; hier, voor die naaste tente draai rookwolkies uit elke skerm waar die kospotte onder die sorg van die sindelike, noukeurige en arbeidsame huisvroue nou al begin te puf en te sis en te suis. In die verste tent word nog gedans, maar die meeste mense sit, staan of drentel daar op die skoongeveegde werwe rond.

Daar word lekker gesels en grappies gemaak. Die jongkêrels is onregeerbaar. Die een steek 'n ou band, 'n ou wit lap, 'n ou voorskoot of iets anders ongemerk agter aan die baadjie van 'n ander. As die persoon dit nie agterkom nie en dus maar ewe onskuldig met die lelike voorwerp van agter rondstap, swel die ander so op van al die agteraflag. Spelde met hulle punte na boontoe gebuie, word op stoele gesit; beduiwelde swart miertjies wordt stilletjies deur die een in die ander se nek gegooi; saels, tuie, hoede, kieries, koffieketels en baie ander dinge word weggesteek; tee word vir twak, asyn vir wyn, omgeroerde witkleiwater vir melk, peper vir snuif en baie ander dinge vir glad iets anders as wat dit werklik is, voorgestel en onder mekaar aangebied.

Orals hoor jy net lag waar iemand weer 'n stel afgetrek het. Die ou mans is ook besonder vrolik; boetie Sarel, ken hulle mos. Ou Bittergal, ou Houtnek Donkerknyp, ou Johannes Klaaglied en ou Kosmaag inkluis, skyn nou in 'n baie goeie humeur. Ou Frikkie Aasvoëlsnes vertel eers 'n grap uit sy jongelingsdae;

almal luister heel aandagtig tot op die end en lag dan dat hulle so skud. Dan val dit iemand anders weer skielik by dat hy ook vroeër dit of dat gesien, gehoor of ondervind het en dadelik begin hy dan ook met 'n ander baie lekker storie.

Eindelik kry ou Salmaarsê tog die versies se gedagte. Nou word al die vriende bymekaargeroep; selfs die klompie jongmense wat tot sover nog aangehou het met dans daar in die anderkantse tent, word ook geroep. Ou Salmaarsê stel toe voor dat elkeen wat 'n versie of gediggie gemaak het dit eers self stadig en duidelik vir die gehoor moet voorlees. Die beoordeelaars sal dan later self weer die gediggies goed oorgaan voor hulle die pryse uitdeel.

En dit sê ek vir boetie Sarel, daar was tog net 'n hele boel versiesmakers. Nou, ekke-ou is mos darem van kleinsaf 'n baie ligkop-kêrel en so kan ek nou sommer vir boetie Sarel 'n paar van die gediggies opsê, wat ek ewe haastig uit my kop geleer het. Nouja, die eerste man wat sy versie voorgelees het was Pietertjie Tieliekam. Hy het hom eers staan en uitrek en regpluk en toe tot vervelens toe keelskoongemaak en toe tog eindelijk begin:

Kom Dames, kom Here,
Trek uit jul ou klere,
Want oujaar's gedaan nou
En nuw'jaar breek aan nou;
Gooi neer dus wat oud is,
Maak reg waar 'n fout is:
Ou sonde, ou streke,
Ou kwaad, ou gebreke,

Ou nukke, ou grille,
 Ou lis, ou geskille, —
 Ja alles laat vaar nou,
 Want nuw'jaar is daar nou;
 En wie van ons weet tog,
 Wat nou sal gebeur nog;
 Gaan dus die jaar in nou
 Met 'n goeie begin nou.

Dis die versie van Tieliekam; wat dink boetie Sarel daarvan? Op Kriekieskrik het party mense dit geprys, party het dit verfoei en party het gesê dis darem beter as niks. Maar wag luister, ek gaan nou weer die versies van klein Koos Grootsluk opsê:

Die tyd is daar,
 Dat weer een jaar
 Van suur en soet,
 Ten einde spoed.
 So sal vergaan,
 Wat nou bestaan,
 Wat is wordt was,
 Dis stof, dis as.

So wik en val
 Eens gans Heelal,
 Maar Een hou stand,
 En aan Sy Hand,
 Wil Hy ons lei;
 Hy blyf ons by,
 Om te bewaar
 Van elk gevaar.

Die tyd is daar
Vir Nuwejaar,
Om in te tree:
Met wel of wee?
Of heil en seen?
Of klag, geween?
Met lief of leed? —
Dit God selfs weet.

Sal die jaar bring
Hereniging?
Of tweedrag meer
Ons volk verteer?
Of sal ons nou,
Met diep berou,
Gods wet onthou
En op Hom bou?

Wat sal die jaar
Weer vir ons baar?
Wat lê ons voor,
Wat sal ons hoor?
Sal strawwe druk
Ons veel ontruk?
Hoe sal Gods Hand
Besoek ons land?

Hoe streng God straf,
Hang van ons af:
Hy's liefd', maar haat
En straf slegs kwaad,
Maar onderskraag

Wie Hom behaag:
 Geen volk in leed
 Sal Hy vergeet.

So, daar het boetie Sarel nou die versies van klein Koos Grootluk. Oor hierdie gediggie het daar ook baie groot verskil van opienie bestaan. Maar luister, want nou wil ek die die hoog Hollandse versie van ou Johannes Klaaglied opsê:

Den jaar is ten einde, den jaar is voorbij,
 Ja, negentien honderd en twintig stierf dood;
 En wat moes het skaapboer die jaar tog nie lij:
 Den bosluis, den droogte, den brandsiek brag nood
 O vreeslike skouspel, waar skapen so vrek!
 Toen straffen so druk op het skaapboer sijn nek,
 Toen wij so moest spart'len en worst'len en trek,
 Genade nog uitkoms nog water nog veld,
 Was nergens te krij nie, toen word wij ontsteld.

Toen kwaam nog den hond- en wielebelasting,
 Die suig uit ons geldsak een hele ontlasting.
 Toen daal nog den prys van al ons artiekels,
 Maar alles in winkels, tot selfs ook die piekels,
 Word duurder en duurder, ek lieg tans gans niet:
 Kom sê, o mense, is dit geen verdriet?
 Gelukkig, nou kom daar weer 'n nuwejaar,
 Tog siet ek nog altijd een grote beswaar,
 Want besems dat nuut is, die vee eers mooi skoon,
 Maar later dan druk sij soos skoene jou toon.

Sien jy, boetie Sarel, die spreekwoord sê: die mens

sal aan sy dade geken word, maar ek sê: ou Klaaglied kan aan sy naam geken word. Hy is deurtrek van klagtes en sy ou siel is seker al inmekaar geplooi en gekrimp van hemeltergende murmureringe en ander knaende aaklighede. Tog moet ek boetie Sarel sê, dat daar baie mense op Kriekieskrik was wat nogal vir hom die eerste prys wou toeken om hulle meen dat sy „Klaaglied" die beste versie was!

Ou Salmaarsê se ou vrou het egter vir ou Klaaglied mooi antwoord op sy treurgesang gegee met die volgende versie:

As jy maar al jou oujaars-seëninge tel,
Dan sal jy waarlik sien:
Jy het dit werklik nie verdien.

Maar ek het nie tyd gehad om al die ander boel versies uit my kop te leer nie. Van my eie gediggie sal ek maar liewers stilbly, want dis maar 'n beroerde ietsie. Tog wil ek boetie Sarel darem nog van my ou matie Kaapseuntjie vertel.

Hy het ook eindelik aan die beurt gekom. Met 'n deftige houdinkie het hy voor die gehoor gaan staan en toe begin: „Dames en Here, ek kan nie op Hollands mooi versies maak soos op Engels nie en daarom het ek toe maar die beste paslike gedig van ons beste Engelse digter, Tenniesin, op julle taal oorgesit en by die vertaling het ek gebruik gemaak van H. Piekard se pokkert dieksonerrie en daar die groot digter, Tenniesin, en die heer Piekard, altwee ver bo ons staan en baie geleerder as ons almal saam is, meen ek dat ek julle nou sal een van die allerbeste gedigte kan

aanbied." Hierdie aansprake het al 'n hele boel Boesmanlanders se bloed aan kook gemaak, om dit so verwaand geklink het, maar toe begin meneertjie Sitnie met sy vertaalde gedoente:

„My resitasie is getieteld ‚De dirts of tee oudjээр‘ (die tietel het ek onvertaald laat bly).

Lui uit wilde klokken naar den wilde lug,
Den vliegende wolk, den vriesende lig;
Den jaar is sterwende in den nagt,
Lui uit wilde klokken en laat hem versmagt.

Lui uit den ouden, lui in den nuwen,
Lui salige klokken, dwars, kruiselings den sneeu;
Den jaar is vertrek, so kijk hem agteraan,
Lui uit den valsheid, lui: waarheid bestaan."

Verder, boetie Sareltjie, kan die stomme ou Kaap-snuitertjie nie kom nie, want toe bars die hele Boesmanland uit van lag — ja, die hele Boesmanland, tot selfs die ou stompstert-donkie van Klaas Doedel het alleraaklige geluide begin maak. Immers, so'n gemors, so'n gebak en gebrou, so'n opregte en egte skorriemorrie het nog nooit in die oor van die Boesmanland geklink nie; immers 'n gemors van Hollands en Afrikaans klink wel lelik, maar 'n gemors van Hollands, Afrikaans en Engels deurmekaar is nou darem eenmaal onuithoubaar walglik.

Niemand kan dit kalm en bedaard aanhoor nie; jy is verplig om jou gevaarlik siek te lag of anders glad morsdood te vererg. Tog wou die mannetjie met sy klokkegelui nog verder aangaan maar toe keer ou

Bittergal hom met die woorde: „Stop, stop maar ou boetatjie, want daardie dirts van jou ouldjeer, het my al byna laat vormeer." 'n Skaterlag volg weer op hierdie woorde en so moet broer Sitnie maar gaan sit en toe was ons tog op die end van al die gediggies en versies. Nou, ek en neef Sittertjie was daar gans seker van dat ons twee tog nie sal prys kry nie en so het ons dan ook nie eers gewag tot dit uitgedeel word nie.

Ons het toe maar ons kar ingespan en vir neef Voorstestoel op Blinkbakkies gaan besoek. Hy was baie bly om ons te sien en het ons eers op alle soorte lekker kos getrakteer en toe het hy vir Traaimie en Jentlie, sy pragtige twee swartkol-karperde, laat inspan. Toe maak ons, wat die Kaapmannetjie noem 'n lekker draaif. En die dag het ons baie plase besoek, en dit was die aangenaamste dag van my lewe, want die ou Boesmanlander ontvang darem maar sy ewemens, wat hom besoek, alte hartlik.

Selfs die Kaapseuntjie moes beken dat die nuwejaarsrumoer van die Kaapstad en die nuwejaarslawaaï van Kaapstadse kleurlinge glad niks beteken by die geselligheid, gasvryheid, hartlikheid en egte vriendelikheid van die Boesmanlander nie. Orals waar ons kom, word ons van harte op die Nuwejaar gelukgewens en dan kan ons heuningbier, dikmelk, karringmelk, soetmelk, tee, koffie, koek, pasteitjies — ja net wat ons mag lus, gebruik.

By een tent word, om ons te plesier van die dierbare outydse liedere op die viool gespeel en by elke ander tent word weer iets anders bedink om dit vir ons nou regtig aangenaam te maak. Ja, boetie Sarel, ons het dit daardie Nuwejaarsdag só heerlik gehad, dat ons op

seker oomblikke glad nie eers aan die paar liewe nôiëntjies daar by ou Sannie Voete gedink het nie! En dit seg veel, want boetie Sarel moet weet, dat my ou smoorverliefde hart verskriklik kan vasklou aan die voorwerp van sy liefde. En daarom, boetie Sarel, as jy in die toekoms 'n baie aangename Nuwejaarsdag wil deurbring, gaan ry so bietjie onder jou ou mede-Boesmanlanders rond.

VII.

Ons tweede Nuwejaar in Boesmanland.

O, boetie Sarel, boetie Sarel, kyk soos ons ou klomp Boesmanlanders darem vanjaar weer Nuwejaarsfees gevier het. . . . ai, ja-nee, dis nie hiersô se ding nie! Boetie Sarel moet weet ons was weer die hele ou klomp bekendes van verlede jaar op Kriekieskrik bymekaar: ou Sannie Voete, ou Salmaarsê, ou Bittergal, Tieliekam, ja almal, tot selfs die liewe ou rou Kaapnaartjie inkluis.

Reeds oujaarsdagmôre het die vrolikheid al begin. Die vrouens was toe nog besig om 'n klomp skuinskoekies, wat hulle altyd die allerlaaste bak, gaar te maak. Die getroude mans het toe eers jukskei gegooi en later skyfgeskiet. Maar die jongklomp was nie te keer nie, want hulle het goed geweet dat die eienlike Nuwejaarsdag op Sondag val en het dus nou hulle kans waargeneem om te dans. Jy weet mos, boetie Sarel, dis sonde, maar daar is baie jongmense wat selfs vies is, as Nuwejaar met 'n Sondag begin, net om hulle dan nie mag dans nie! En so was dit in hierdie geval ook. Selfs die feit, dat stomme ou nig Janet Jigrug, 'n eie bloedverwant van sommige van die jongmense, digby Kriekieskrik op sterwe gelê het, kon

hulle nie skeel nie. Daar was selfs onder hulle wat nog ongeslyte roubande gedra het, as tekens dat die dood ook een of ander van hulle dierbares in die oujaar weggeruk het. Maar ook dit kon niks aan die saak verander nie: Hulle wou en moes dans. Alle sorg en kommer, alle heilige smart en leed, alle gedagtes aan die sekerheid en onsekerheid van ons doodsuur en alle kristelike pligte is toe maar versmoor in 'n maalstroom van plesier en voete-getrappel.

Die ou rou Kaapnaartjie en ekke-ou het weer, net soos verlede jaar, aan alles deelgeneem. Eers het ons gemaak asof ons met die koekbakkery wou help. Maar daar was 'n rede voor, want boetie Sarel moet weet, ekke-ou was toe sigbaar verlief op nig Susanna Voete, terwyl ou boet Kaapseun se hartjie só warm vir Bertiena Sooltjies geklop het, dat die gloed daarvan op sy ou aangesiggie ook duidelik te sien was. En hierdie twee hartversmelters het juis ook help koek bak. Ook maak twee vrouens toe boonop vir my en neef Kaap-kind so'n besonder aanneemlike voorstel: So gou as al die deeg met koekvormpies afgedruk is, moet Sannie Grootvoet en sus Sooltjies toelaat dat ons elkeen 'n soen gee. Was dit nie mooi van die vrouens nie, boetie Sarel? En dink tog bietjie hoe sielsverrukkend dit vir ons was, toe die laaste stukkie deeg afgedruk word! Ai, dit was tog 'n heerlike oomblikkie! En toe ek eindelijk op staan om vir mej. Sannetjie te benader, toe slaan sy haar twee oë ewe gedwee hemelwaarts en trek haar twee ou jongnôienslippe in sulke aanlok-kende plooitjies, — so het dit vir my tenminste gelyk — dat ek dit waag om my twee ou skurwe lippe koeël-vormig te maak en so na haar te buk — flaps! klap

haar hand my om die oor, terwyl sy sê: „Jy kon tog eers my toestemming vra.”

Ja, jy lag nou, boetie Sarel, om jy dink dat ek bitter teleurgesteld was. Maar moenie glo nie, want ek was maar te bly dat daar darem tog 'n aanraking, al was dit maar tussen haar handjie en my ou oor, gewees het. Ja, selfs só bly was ek, dat ek die stukkie deeg, wat van haar hand in my oorgat gevlie het, daar as lieflike aandenking die hele dag gedra het.

Maar nou sal boetie Sarel wil weet of Kaapkame-raad vir Bertienatjie te kus gekry het. Wel, ek was so opgewonde oor, en ingenome met my eie posiesie, dat ek nie opgelet het of sy hom 'n afjak gegee het of nie. Maar ek glo nie hy het sy sin gekry nie, want net na my onvergeetlike aanraking, sê hy: „Toe, ould men, kom laat ons hier padgee en die plaë vermy waar hulle val.”

Nou, uitvra wou ek hom nie, want dan kon hy dalkies oor my eie ontmoeting praat en daaraan nog miskien 'n uitleg gee, wat nie met die teergevoeligheid van my ou liefdevolle hart stryk nie.

Ons stap toe maar na die jukskeigooiers, waar dit 'n harde stryd was oor die volle getal punte. Ou Bittergal moes nog net één punt behaal om te kan wen. Nou moes hy erg versigtig wees, want gooi hy nou meer as één punt, dan kan hy die hele potjie verloor. En dit was 'n kuns om te doen. Daarby is die ou so dik, dat dit vir hom baie ongemaklik was om, na hy die jukskei so 'n paar maal goed balanseer het, vooroor te buie om dan akkuraat te probeer gooi. En die oubaas het altyd onnodig laag probeer buie. Dit was ook die oorsaak dat hy hierdie slag, toe sy voet, met

die buig, ongelukkig op 'n muisgaaitjie aftrap, reg op sy neus teen harde kaiïngklippe op die grond te lande raak en die jukskei in glad verkeerde rigting vlieg! Maskas! maar toe was Bittergal so verbitterd, dat hy sommer die Kaapbasie inkuier met 'n onverskillige vuisstamp en ewe bitsig sê: „So, dan lag jy kastig ook? Loop, loop haal die ellendige jukskei.” En toe boetie Kaapkêrel die skei kom aflewer, was sy gesiggie nog so suur, boetie Sarel, so suur soos die laaste neergeslaande baksel brood van ou sus Hannie Roubeskuit. Hy wou dan eers ook nie aan die spel deelneem nie, maar toe die ou nog vergramde Bittergal eindelijk die potjie verloor, toe word hy meteens so opgeruimd, dat hy saam met my en 'n paar anders begin speel. Maar kyk hiersô, boetie Sarel, toe hoor jy net die ding jukskei klap, want dit was ons erns, daar ons vir drie pryse gespeel het. Niemand van die spelers het egter geweet wat die pryse was nie, want ou Salmaarsê sou dit eers by die end van die spel toon en uitdeel; maar hy het ons tog verseker dat dit allerkosbaarste artiekels was. Wel, om 'n lang storie kort te maak, die uitslag was as volg: Die armoedige ekke-ou, alias ould men, en seuntjie Sitnie, alias rou Kaapstadter, het niks gewen nie, maar Tieliekam, en Petrus Aidou en ou Willeman moes pryse kry. Maar boetie Sarel, boetie Sarel, ons het lekker gelag toe 'n ou stukkende, ruitjiese voorskoot van ou Hannie Roubeskuit aan Willeman, 'n ou blou enommel keteltjie sonder boom aan Aidou, en 'n ou verroeste tonteldoos sonder vuurslag aan Tieliekampie uitgedeel word! En dan het ou Salmaarsê dit alles nog met so'n natuurlike erns op sy gelaat uitgedeel, dat dit die hele grap nog

meer vergroot het. En dit sê ek vir boetie Sarel, die sprakelose verleentheid van die drie wenners het pragtig afgesteek by hierdie skynheilige erns van ou Salmaarsê.

Maar ek het nie tyd om van alles te vertel nie en sal dus maar stilbly van die pret by die skyfskiety, en op die dansbaan.

Een ding kan ek egter nie oorslaan nie: Ou Salmaarsê het weer, soos verlede jaar vroegtydig versoek dat ons weer geskikte versies vir die Nuwejaar moes maak. „Sulke eie gemaakte versies,” het die oubaas gesê, „besit eigenlijk glad g'n digterlike of letterkundige waarde nie, maar dit is darem tog goedjies wat uit ons eie, Boesmanlandse volksmond kom en is, as sodanig, tog vir my, wat Salmaarsê is, so'n klein ietsie werd al beteken dit dan ook verder vir die hele wêreld niks.”

Nou, boetie Sarel weet mos, ou Salmaarsê het taamlik invloed op ons ou klomp en so was daar dan ook 'n heelparty van ons gereed om eie vervaardigde rympies, toe die ou ons daarvoor bymekaar roep, op te sê.

Maar nou moet ek boetie Sarel eers vertel dat die twee karperde van die stomme ou Johannes Klaaglied in die afgelope jaar aan bossies, waar kort vantevore goewermentsgif op 'n swerm sprinkane gespuut was, gevreet het en toe gevrek het. Nouja, boetie Sarel ken mos vir ou Klaaglied en sy hemeltergende klagtes? Nou goed, luister: skaars was ons bymekaar of die ou skepsel spring ongenooïd vorentoe en begin op sy verspotte en verbroude sogenaamde hoog Hollands:

„O vrienden, ai mensken, og buren!
Kwam hoor tog wat ek moest verduren
In desen wegstiervenden jaar....”

Maar hier val Willeman hom in die rede deur te sê:
„Stop ou vriend, dis nie nou tyd vir klae nie, want dis
Nuwejaar.” Dog ou Klaaglied, hoewel bleek in die
gesig van pure ergernis, begin maar weer:

„Die vrotsige swermen sprinkhanings,
Vroot op al mijn veld en bestanings;
Dit was 'n o, vreeslik ellend!
Dog eind'lik toen stuur dien Gorment,
Vergif om op sprinkhaan te spoot;
Toen dag ik: nou vrek jul tog dood,
Maar — pleks dat den gif hul verdief,
Maak dit dat mijn paarden gou stierf....”

„Ja, ja,” val verskillende mans hom weer in die
rede, „ons weet al dat die paarden gestierf en selfs
gestorf hadden; maar gee nou weer vir iemand anders
die kans om ook iets op te sê.”

Maar Klaaglied is mos baie koppig, as hy eers
„woedend wierd”, en so roep hy nog haastig hard uit:

„Nou wilt ik tog graag wel eens weet:
Sal Nuwejaar kom sonder leed?
Ik geloof niet, want skaapboer moet buk,
Daar tijden àl swaarder druk!”

Skaars het ou Klaaglied die laaste klagwoord uitge-
kraam, of ou Salmaarsê sê: „Toe neef Tieliekam dit

is nou, ek sal maar sê, jou beurt." En spoedig klink dit uit Tieliekam se mond:

,Weer gly
Verby,
Een jaar met al sy wel en wee;
En gou,
Ons nou,
Een Nuwejaar weer in moet tree.

So vaar
Elk' jaar:
Elk' dag is maar 'n vleuelklap,
Of ook
Soos rook,
Of nes 'n sug ons bors ontsnap.

Nuw'jaar
Is daar,
En bring ons nader aan ons graf:
Dit is
Gewis,
En ons sal val as blare af.

Die tyd
Verslyt
Vir ons met al ons goed en bloed:
G'n krag,
Of mag,
Of waar gebed wat dit verhoed.

Geleef,
Gestreef,
Dan so dat ons na God kan gaan:
Want Hy
sal bly,
Die veil'ge Rots wat ewig staan.'

Sien jy, boetie Sarel, hierdie versies het ons sommer in ernstige stemming gebring en baie van ons het begin dink: Ag ja, ons is verganklik en hoe staan sake met ons? En toe sê ou Salmaarsê nog: „Ja vriende, die mylpaal van 1921 het ons vandag bereik, maar wie weet hoeveel van ons die mylpaal van die vir-ons-gans-onbekende 1922 sal bereik?

Daarop kom Dawie Langjan aan die woord en begin:

„Jaar negentienhonderd plus twintig-en-een,
Was ons slegs 'n paar honderd dae geleen;
En voor ons ons kry is die einde al daar,
En ons wou soveel nog gedoen het die jaar:
Die een het wou ééns tog Gods huis gaan besoek;
Die ander wou afbreek met drink of met vloek;
Die een wou probeer om verbeet'ring te toon,
En afsien van rusie en laster en hoon;
'n Ander, die het tog so bitter berou,
En het ook nog altyd gehoop en vertrou,
Om darem sy hart te verander, die jaar,
Genade te seek en die kwaad te laat vaar. —
En nou? nou is al die oujaardag daar!
En ons steeds maar lê nog, glad onvoorberei,
Hoewel nou, vir ewig, die jaar vlieg verby!
In nuwejaar mag wel ons doodsuur ook slaan:
Wie waag weer 'n skrede, só voorwaarts te gaan?'

Nou boetie Sarel, dis darem die reine waarheid wat Dawie Langjañ sê, nie waar nie? 'n Mens weet mos nooit wat vir jou in 'n nuwejaar opgeslote lê nie; bedink dit bietjie. . . .

Maar wag, ek sal jou nou maar die versies van Jakkie Lekkersous gee:

„Snel maar, oujaar, snel maar voort,
 Vlieg maar ylings heen;
 Rustig steun ons op Gods woord:
 Daar is troos alleen.

Wat verander, wat vergaan, —
 God hou ewig stand;
 Rustig — op die lewensbaan —
 Klem ons aan Sy Hand.

Kom maar, nuwjaar, en begin;
 Bring maar vreug of smart,
 Rustig tree ons jou ook in,
 Met 'n moedig' hart.

Moet ons deur die doodsdal gaan,
 In die nuwejaar,
 Jesus het 'n weg gebaan:
 Daar is g'n gevaar."

A-ja, boetie Sarel, baie van ons ou Boesmanlanders het gelukkig baie moed — ook op geestelike gebied. Ek ken hier 'n ou volksvader, oubaas Theunis, en hy is 'n man wat daarna leef om soveel moed en geloof

te besit as wat die versies van getuig. En daar is hier meer synsgelyke.

Maar laat ek gou vertel. Wel, daar is nog baie ander versies voorgedra maar die kan ek boetie Sarel nie nou gee nie en wel om hulle te lank was vir my om uit die kop te leer.

Ekke-ou en kleinbaas Kaapnaar het niks te resiteer gehad nie, maar toe het ou Salmaarsê daarop gestaan dat ons dan elkeen 'n spiets moet maak.

Ek het toe vir broer Kaapseun eers vorentoe gestoot en toe het hy begin: „Damens en heren, daar was eenmaal 'n Hottentotjie wat ofkos vir sy oubaas op Nuwejaar moes gelukwens en toe sê die ventjie: „Ek wens dat oubaas lank lewe en gou sterwe en ek al oubaas se goed erwe.” Nou, ofkos, ek wens nie soiets nie, want ek wens dat ons almal lank lewe en ofkos lank ster.... néé, dit sal ook nie gaan nie; ek sal dan maar liewers wens dat ons kort lewe.... ag, ek meen lank sterwe.... leef,.... ek bedoel ofkos.... ekka.... ugge,.... ugge.... aai, hoegoe! dan het ek weer vandag swaar verkoue,.... ai.... ek....

Hier druk ouboet Kaapgeboortig krampagtig teen sy bors, om die gemaakte hoesie kastig te onderdruk, maar ou Salmaarsê het gou die stomme mannetjie se moeilikheid verstaan en hom daarvan toe maar verlos met die woorde: „So, liewe vriend, sit nou maar, want jy het jou meesterlik van jou taak gekwyt en dis my aangenaam om jou — ek sal maar sê — ofkos te bedank.”

Toe kom arme ekke-ou aan die beurt en, hoor jy, boetie Sarel, die verkoue van die ou Kaapnaartjie het jou waarlikkies ook vir my aangetas, want ek het by die